10 Januarie 2023

Familienuus 428

[Sien skakel onderaan die dokument indien jy nie meer Familienuus wil ontvang nie.]

VANUIT DIE SINODEHUIS

Seënwense vir 2023!

Ons het dit met Kersfees oor en oor vir mekaar gesê: Hy is Immanuel – God hier by ons.

Dis met hierdie wete dat ons 'n nuwe jaar binnegaan. Dis aan hierdie Immanuel wat ons wil vashou as ons die onbekende ingaan. Dis ons geloofsverbintenis aan hierdie Here wat ons met energie en oorgawe laat dien in sy kerk en sy koninkryk.

Mag hierdie jaar vir jou en jou mense en julle bedieninge goed wees.

Francois Retief

GEMEENTES EN LERAARS

Januarie is 'n besige maand in die lewens van ons kollegas:

Ons het 'n aantal leraars wat einde Januarie emeriteer: **Jurgens de Jager** en **Eddie le Roux –** beide van **Witrivier** – asook **Hannes Grobler** van **Witbank-Vallei**.

Paul Joubert van **Wakkerstroom** het 'n beroep aangeneem na **Alberton South Crest** en is reeds daar bevestig.

Jaco van Niekerk van **Ermelo** word by **Malelane** bevestig op 15 Januarie 2023.

Thabo Pienaar, wat as gemeentebestuurder van Witrivier dien, het 'n beroep na **Hopetown** aanvaar. Hy begin 1 Maart daar.

PRODUKTE en TOERUSTING

Bestmed stel 'n nuwe produk bekend in die Gap Cover-omgewing. Hierdie tipe produk help om die gaping tussen mediese fonds tariewe en die werklike koste van diensverskaffers te vul. Hier is 'n brosjure van **Admed**. Kontak hulle gerus hieroor.

Excelsus is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. Hulle stuur telkens die bekendstelling van hulle kursusse na gemeentes en leraars uit. Gee asseblief goeie aandag hieraan. Hulle webwerf is www.excelsus.org.za . Die jaar se programme word hier uiteengesit. 'n Kursus oor 'n leraar se roeping in die middel-jare van sy/haar bediening, word hier bekendgestel. Verder is daar 'n kursus met die oog op Lydenstyd.

Bybel-Media se Woord en Fees program vir die erediens word hier bekend gestel.

Die Algemene Sinode het 'n nuut opgedateerde weergawe van die **Bestuursgids vir gemeentes, kerkrade en kerkkantore** beskikbaar gestel. Hierdie is 'n administratiewe handleiding oor alles van personeelsake, vergoeding, diensooreenkomste en dissiplinêre prosesse. Dit is op ons webwerf beskikbaar asook by hierdie skakel.

Universiteitsoord (Pretoria) gee vir ons inligting oor hulle Eerstejaarskamp vir 2023.

PUK Kandelaar (Potchefstroom) het ook vir ons Eerstejaar-kamp inligting gestuur.

NG Gemeente Stellastraat het 'n vakature vir 'n voltydse leraar. Sluitingsdatum 22 Januarie 2023.

UIT ONS SINODEHUIS

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za .

Aan die begin van die jaar word daar oor **begrotings, vergoedingspakkette en personeel** gepraat. Ons webwerf het die nuutste inligting hieroor. Skakel ook gerus met Cathy Odendaal in die Sinodehuis.

Die **Predikante en Amptenare Pensioenfonds** het verlede jaar 'n skrywe gestuur oor die reëlings dat elke gemeente as werkgewer met lede van die Pensioenfonds is sy diens, maandeliks R100 betaal om die begroting van die Pensioenkantoor te befonds. Baie dankie aan ons gemeentes wat dit reeds doen. Ons het nog 'n klompie gemeentes en CMR kantore, Rusoorde en verwante instansies wat hierdie oorbetaling nie doen nie. Sal julle asseblief dadelik hieraan aandag gee? Ons heg verlede jaar se skrywe weer hier aan. Sien bladsy 4. Die bankbesonderhede is ook in hierdie skrywe.

Die Kuratorium hou 'n lys op datum van persone met bepaalde kundigheid wat tydens eksamens deur die Eksamenkommissie benut kan word. Daar is tans 'n gehoefte aan iemand as **Etiek-kundige**. Laat weet gerus vir die Sinodehuis as jy beskikbaar sal wil wees.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat tot 23 Januarie verjaar.

PREDIKANTE

12 Januarie - Roedolf Botha, Pretoria-Oosterlig
13 Januarie - Dif Ehlers, Debruinpark-Ermelo
18 Januarie - Anandie Greyling, Pierre van Ryneveld
19 Januarie - Anton Kemp, Middelburg
19 Januarie - Marius Nel, Basileia
23 Januarie - Sterns Pretorius, Hazyview

EMERITI

23 Januarie - Jan Wandrag, Phalaborwa 2008

GEMEENTES

19 Januarie - Premiermyn (103)
20 Januarie - Letsitele (67)

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

NOTA: INDIEN U WIL UITTEKEN EN NIE MEER DIE FAMILIENUUS WIL ONTVANG NIE, KLIEK HIER.

VRYWARING: Die informasie vervat in die boodskap is konfidensieel en word beskerm deur die reg. Indien u nie die geadresseerde is nie, wis asseblief uit en verwittig die afsender. Dit is onwettig om die inhoud van die boodskap bekend te maak, te kopieer of te versprei, of enige aksie te neem wat op die inhoud daarvan gebaseer is.
Kontak die afsender indien jy die e-pos foutiewelik ontvang het.

DISCLAIMER: The information in this message is confidential and may be legally privileged. It is intended solely for the addressee. Access to this message by anyone else is unauthorized. If you are not the intended recipient, any disclosure, copying, or distribution of the message, or any action or omission taken by you in reliance on it, is prohibited and may be unlawful.
Please immediately contact the sender if you have received this message in error.